AUTOSOS

Hierdie voordeel is op die gereelde bestuurder, wat op 'n aktiewe, omvattend versekerde voertuig op 'n Auto & General polis genoteer is, van toepassing.

WAT IS AUTOSOS?

Suid-Afrika is heel moontlik een van die gevaarlikste lande om in te bestuur, en dis 'n aanvaarde feit dat die tyd wat dit neem om hulp te ontbied, 'n verskil tussen lewe en dood kan maak. Dis waarom ons besluit het om hierdie voordeel vir die gereelde bestuurder van 'n omvattend-versekerde voertuig in te sluit.

AutoSOS gee gemoedsrus, in die gedaante van 'n slimfoontoepassing wat stilweg in die agtergrond werk en onmiddellik bespeur wanneer die gereelde bestuurder in 'n ernstige ongeluk betrokke is. 'n Gekwalifiseerde noodsorgwerker sal dan die gereelde bestuurder skakel om te bevestig of hy/sy mediese noodbehandeling verlang. Indien die gereelde bestuurder bevestig dat hy/sy bystand verlang of nie sy/haar foon beantwoord nie, sal die noodsorgwerker die naaste mediese nooddiens na die presiese ongeluksplek ontbied, soos deur die toepassing ten tye van die ongeluk bepaal is.

Hierdie voordeel is ontwerp om die geaktiveerde gereelde bestuurder te ondersteun, solank hy/sy die slimfoon by hom/haar het en die toepassing afgelaai het. Die gereelde bestuurder sal die voordeel kan gebruik selfs indien hy/sy iemand anders se voertuig bestuur of 'n passasier in enige ander voertuig is.

HOE WERK DIT EN WAT SAL KWALIFISEER AS 'N ERNSTIGE ONGELUK?

AutoSOS kan beweging en spoed vasstel deur die slimfoon se GPS en Versnellingsmeter te gebruik. Die ingeboude algoritme sal dan kan optel wanneer die gereelde bestuurder in beweging is, en indien hy/sy in 'n ongeluk beland kan dit die moontlikheid van fisiese besering bereken. Deur hierdie algoritme kan ons selfs "vals positiewes" elimineer, soos wanneer die foon val, en slegs op insidente wat plaasvind terwyl hy/sy bestuur, konsentreer. Die algoritme meet die kragte wat op die voertuig werk gedurende `n ongeluk. Alleenlik waneer die algoritme kragte gelykstaande aan `n ernstige ongeluk registreer, neem dit aan die bestuurder sal nie die nooddieste self kan kontak nie en aktiveer `n noodboodskap.

WIE KAN AUTOSOS GEBRUIK?

Die gebruiker van hierdie voordeel moet die gereelde bestuurder van 'n aktiewe, omvattend-versekerde voertuig op die polis wees, en indien hy/sy as gereelde bestuurder van 'n omvattende versekerde voertuig verwyder word, sal hy/sy toegang tot die diens verloor, tensy hy/sy die gereelde bestuurder van 'n ander omvattend-versekerde voertuig by Auto & General is.

Neem asseblief kennis dat dit slegs 'n vroeë waarskuwingstelsel is wat net binne die grense van Suid-Afrika geldig is en dat die polishouer en/of gereelde bestuurder vir enige mediese koste aanspreeklik is. Dit is belangrik dat die besonderhede op die toepassing op datum gehou word omdat dit die mediese nooddienste se aksie kan beïnvloed.

Die besonderhede van die ongelukstoneel sal nie ten opsigte van u eisfinalisering gebruik word nie en sal nie die uitkoms van u eis benadeel nie.

HOE LAAI EK DIE TOEPASSING?

Daar sal van die polishouer verwag word om eers die AutoSOS-diens vir die gereelde bestuurder te aktiveer op sy/haar aanlynprofiel, hetsy die polishouer en die gereelde bestuurder dieselfde of 'n ander persoon is. Dis polishouer se plig om die gereelde bestuurder te verwittig en om hom/haar by te staan om die **AutoSOS** toepassing op sy/haar slimfoon af te laai.

Daar sal van die gereelde bestuurder verlang word om:

- op die webwerf, sy/haar eie profiel te gaan skep;
- die toepassing af te laai, te installeer en die Gebruiksvoorwaardes te aanvaar; en
- om sy/haar mediese fonds besonderhede en mediese kondisies op die toepassing te verskaf.

Die **AutoSOS**-toepassing kan van die relevante toep-winkel afgelaai word (iOS en Android).

BELANGRIK

Hierdie toepassing sal op die meeste slimfone werk, maar sal nie versoenbaar met ander toestelle soos tablette en slimhorlosies wees nie.

Vir hierdie toepassing om te werk en die beste moontlike reaksietye te verseker, maak asseblief seker dat die slimfoon wat gebruik word, toegang tot die toepassing het en ten alle tye:

- die toepassing oop hê;
- die gereelde bestuurder ingeteken hê;

- teksboodskapvermoeë moet hê;
- aangeskakel moet wees en gereed om data aan die mediese nooddienste se kontaksentrums te versend;
- binne die relevante kommunikasienetwerk van die operateur se dekkingsarea moet wees en die nodige kommunikasiedienste geaktiveer moet wees;
- die GPS (globale posisioneringstelsel) en mikrofoonfunksionaliteit daarvan aangeskakel moet wees; en
- voldoende data moet hê om die toepassing te laat werk.

Die reis monitor moet deur die algoritme op die toepassig geaktiveer word vir die algoritme om `n ernstige ongeluk te kan waarneem (dit mag `n paar kilometers neem om te aktiveer afhangende van die area en die foon se stellings.)

AutoSOS kan slegs op een toestel per keer aktief wees.

Skakel

0860 10 42 10

vir die Insleepdiens of enige Bystandsvoordeel

Auto & General is ’n gemagtigde finansiële diensverskaffer (FDV lisensienommer: 16354).